



**TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA  
TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**Notule vir die 22ste Algemene Jaarvergadering gehou by Monte Christo,  
BLOEMFONTEIN op 19 Augustus 2016 om 09:00  
Minutes for the 22nd Annual General Meeting held at Monte Christo  
BLOEMFONTEIN, on 21 August 2015 at 09:00.**

---

**Teenwoordig:**

Callie Barnard  
Ben Raath  
Bossie Coetzer  
Ben Rossouw  
Charl van Rooyen  
Christo Rothman  
Stefan Botha  
Leslie Cook  
Stefan van Wyk  
Jim Bredenkamp  
Russell Clark  
Ed Clark  
Edie Galpin  
Doug Galpin  
Carmen Welz

Giel van Niekerk  
Chris Rogers  
Merencia Groenewald  
Casper Kriel  
Johan van Rijswijk  
Albie Rautenbach  
Cornelis Rautenbach  
Steve Mainsheard  
Mary Mainsheard  
Paul Smit  
Stepahne Roos  
Dr Pierre van Rooyen  
Freddie Wasserfall  
Herman Labuschagne  
Liesel Grobler  
JC van den Berg

- 1. OPENING & VERWELKOMING / OPENING & WELCOME** – Callie Barnard  
Mnr Barnard heet almal teenwoordig welkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan dr van Rooyen en mnr Wasserfall (President van Stamboek). Mnr Barnard open die vergadering met gebed.

- 2. KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS / NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES**

***Verskoning/Apologies***

Dave Mullins  
Vincent en Nellie Beukes  
Richard Rix  
Kobus Oosthuysen  
Pierre Mey  
Coenraad Slabbert

Alwyn Marx  
Paul Grobler  
Tonie Camacho  
Dave Cawthorn  
Antony Kitching  
Werner Gouws

Chris Hobson  
Daniel Buss

Gordon Gilfilan  
Frans Burger

## 2.1 **Lief en Leed / Joy and Sorrow**

‘n Minuut van stilte uit eerbetoon vir mnre Stephan Welz (oorlede Desember 2015) en Jan Mouton (oorlede Februarie 2016).

Gelukwensing aan mnre Ed en Russell Clark met die geboorte van hul seun en kleinseun..

## 3. **GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 21 Augustus 2015 /APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 21 Augustus 2015.**

Mev Welz noem dat sy bereid is om te help met die taalversorging van alle dokumente van die Tuli genootskap.

Die notule word goedgekeur. Voorgestel deur Mev Roos, gesecondeer mnr Raath.

## 4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE / MATTERS ARISING FROM MINUTES**

### 4.1 Geen

## 5. **BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA** **Sien Punt 7 op die agenda / See item 7 on the agenda**

## 6. **NUWE SAKE / NEW BUSINESS**

### 6.1 **Portefeuljes Verslae:**

#### 6.1.1 **Presidents Verslag / President's Report** – Callie Barnard

Nog ‘n jaar het verbygesnel. Dit was vir die meeste telers ‘n droë en finansieël uitputtende tydperk. Dit was net ons geloof in die Skepper wat ons staande gehou het.

Another year has passed – dry and extremely taxing for most We were blessed to farm and work with our Tulis – a veritable gift from our Heavenly Father.

We have experienced sorrow and disappointment. We have also found joy, be it from a sudden downpour or the birth of a calf or grandchild or just meeting with fellow breeders here and abroad. We bid farewell to fellow breeders who passed away. Some where ordinary and others colossal but all will be sorely missed.

I trust the coming year will be prosperous and successful for all breeders and participants.

Baie dankie aan alle raadslede en telers asook die personeel van SA Stamboek en Stemma Animalia (Sekretariaat). U almal het bygedra om sake by die genootskap suksesvol te laat vlot.

Tulis is gewild. U is deeglik daarvan bewus. Diere en telersgetalle bewys dit. Groot uitvoere word in die vooruitsig gestel na onder andere Zimbabwe sodra as wat uitvoer-protokolle gefinaliseer is. Ek hoop ons het genoeg Tulis in die RSA om aan die vraag te voldoen sou dit realiseer.

Die raad en raadslede kan net so goed funksioneer as wat hulpbronne toelaat. Finansies is altyd 'n beperkende faktor. Lede word versoek om hulle verpligtinge teenoor die genootskap stiptelik na te kom sodat die raad kan beplan en bemark om tot voordeel van alle telers te funksioneer.

Dit is nie maklik om almal tevrede te stel nie. Ook was dit nie maklik om te boer onder die droë omstandighede of onder die onsekere politieke klimaat nie. Ek was die afgelope 3 jaar by die raad en bestuur betrokke. Eers as vise president en daarna as president. Baie dankie aan u almal vir die ondersteuning. Ek vertrou dat u die nuwe raad met dieselfde ywer sal ondersteun.

In al die donkerte was die Tulibeeste 'n ligpunt. Dit was maklik om met hulle te boer. Die beste is nie verniet die intelligente keuse vir profyt nie en die feit dat hulle oorwegend poena is, is 'n bonus

In view of the above congratulations to Messrs Clark for the awards obtained as a stud breeder and to messrs Marx for a very successful auction.

Baie dankie  
Thank you

Mnr Raath bedank mnr Barnard namens die lede vir al sy tyd wat hy aan die Tuli Ras wy.

#### 6.1.2 **Tesouriers Verslag / Treasurer's Report** – Ben Rossouw

Begroting - aangeheg

Aangeheg die begroting en ek vestig u aandag op die volgende:-

##### **Inkomste**

Die inkomste begroting is redelik akkuraat, daar is wel sekere items wat ek by benadering moes skat

Om die finansies te laat klop het ek noodwendig op uitgawes moes sny en wel die volgende:

- Promosie aankope;
- ADVERTENSIES

Ek het geen terugvoering van enige iemand gekry nie en het die voorstel van R100 000 op die laaste raadsvergadering na R80 000 verminder.

Ruikers ens het ek verminder;

Reis en verblyf kostes verminder, daar sal met groter oordeel gebly en gereis moet

word;

Ras adviseur se reiskoste is met R1 000-00 per maand verhoog;

Nampo uitgawes het ek besnoei - ons sal minder persone laat gaan;

Ek vertrou dat hierdie aanvaarbaar sal wees, maar ek is nie heilig daarvoor en is die begroting oop vir enige aanpassings.

Ons sal lede met uistaande ledegeld en per kapitas onder die loep moet neem aangesien hulle nie reageer op skrywes en telefoon oproepe nie.

Die Joernaal is as inkomste in die begroting aangebring.

### **6.1.3 Goedkeuring van Finansiële state Jaareinde 30 Junie 2016 / *Approval of Financial Statements Year-end 30 June 2016***

Mnr van Niekerk doen navraag of die begrotingssyfers nie ook op die finansiële state gewys kan word nie. Hy stel voor dat die Joernaal se inkomste en uitgawe onder 'n aparte hofie gewys word, asook klere verkope. Mnr Barnard stel voor mnr van Niekerk help met die skrywe aan die Ouditeure. Mnr van Niekerk is tevrede.

Voorgestel deur mnr Rothman, gesecondeer deur mnr van Niekerk.

### **6.1.4 Aanstel van Ouditeure/ *Appointment of Auditor***

Christi Wagenaar word weer aangestel as Ouditeure.

### **Verslag deur Promosie & Bemerkings komitee/ *Report by Promotion & Marketing committee – Ben Raath***

CHAIRPERSON AND BREEDERS, THANK YOU FOR THIS OPPORTUNITY TO GIVE FEEDBACK REGARDING MARKETING OF THE BREED DURING THE PAST FINANCIAL YEAR . IT IS OF UTMOST IMPORTANCE THAT THE BREEDERS HAVE INSIGHT INTO EXPENCES INCURRED TO MARKET OUR BREED.

#### **LANDBOUWEEKBLAD:**

- DAAR IS ELKE WEEK 'N 'SMALL'.
- DIT KOS R266/WEEK. DIE VORIGE 'SMALL' WAS LANGER PLUS NOG DIE 'LOGO'. DIT HET R648.84/WEEK GEKOS. OM KOSTES TE BESNOEI IS DIE 'LOGO' WEGGELAAT EN BEWOORDING VERKORT.
- VEILING- ADVERTENSIES VAN TELERS IS OOK GESTAAK AGV KOSTES.
- DAN WAS DAAR OOK 'N ADVERTENSIE IN AUGUSTUS (R20 599.80) EN 'N ARTIKEL IN OKTOBER (R15 959.08). NOU KAN JULLE VRA, HOEKOM WORD DAAR SO KORT NA MEKAAR GROOT GEADVERTEER EN VIR DIE RES VAN DIE JAAR NET 'SMALLS'.
- DIE ARTIKEL WAS RONDOM DIE VOERKRAAL-BEDRYF, OMDAT DAAR

GERUGTE WAS DAT HULLE TEEN DIE TULI DISKRIMINEER. ONS MOES DIT REGSTEL, VERAL MET DIE BULSEISOEN EN VEILINGS WAT OP HANDE WAS.

- IN TOTAAL HET ONS R66 265.68 VIR DIE JAAR AAN LBW SPANDEER.

**VEEPLAAS:**

THE SOCIETY HAD A 12 MONTH CONTRACT WITH THIS MAGAZINE. FOR THIS PERIOD THE TULI LOGO APPEARED IN THE BREEDERS GALLERY ON A MONTHLY BASIS.

IN NOVEMBER 2015 AN ARTICLE – ‘DIE VEELDOELIGE RAS’ – WAS PUBLISHED.

DUE TO FINANCIAL CONSTRAINTS THE TULI LOGO DID NOT APPEAR IN THE GALLERY FOR THE PAST 3 OR 4 MONTHS. THEN WE DID NOT HAVE SUFFICIENT FUNDS TO RENEW THE CONTRACT. HOWEVER, NOW THAT THE FIRST PER CAPITA PAYMENTS HAVE BEEN RECEIVED, WE CAN LOOK AT RENEWING THE CONTRACT.

WITH RENEWAL OF THE CONTRACT EACH BREEDER WILL AGAIN RECEIVE A VEEPLAAS/FARMERS WEEKLY FREE OF CHARGE.

PLEASE REMEMBER, AUCTION RESULTS CAN BE SENT TO VEEPLAAS FOR FREE PUBLICATION.

TOTAL COST FOR VEEPLAAS- R16 216.50

**FARMERS WEEKLY:**

PRYS IS INGESLUIT BY VEEPLAAS – WEEKLIKS ADVERTENSIE ONDER ‘SMALLS’.

HIERDIE IS GOEIE BLOOTSTELLING. AANGESIEN DIT BELANGRIK IS DAT ONS DIE TULI-RAS BY OPKOMENDE BOERE BEMARK.

**PRO AGRI:**

IN OCTOBER 2015 AN ARTICLE WAS PUBLISHED- R11 616.60 AN AGREEMENT WAS REACHED BETWEEN PRO-AGRI AND THE SOCIETY IN TERMS OF WHICH THE TULI LOGO APPEARS MONTHLY IN THE BREEDERS GALLERY OF THE PRO-AGRI IN EXCHANGE FOR A FULL PAGE ADVERTISEMENT IN OUR JOURNAL.

**AGRI FORUM NAMIBIË:**

BOSSIE COETZER HET ‘N ARTIKEL IN ‘N TYDSKRIF LAAT PUBLISEER WAARVAN ONS DIE HELFTE BETAAL HET.

TOTALE KOSTE - R7 089.75

#### **KEURDERS BOEKIE:**

- JOHAN VAN RIJSWIJK HET 'N SAKBOEKIE SAAMGESTEL MET AL DIE BELANGRIKSTE BESTUURSASPEKTE RONDOM STOETTELING.

#### **'GROOT ONTBYT':**

- ON 19 AUGUST 2015 STEPHAN WELZ DID AN INTERVIEW ON TELEVISION (KYK-NET CHANNEL) REGARDING THE BREED.
- TOTAL COST – R19 152.00

#### **Z-FOLDERS:**

- IS BIETJIE AANGEPAS MET NUWE FOTOS EN DIE BELANGRIKSTE EIENSKAPPE VAN DIE RAS
- 1000 IS GEDRUK VIR VERSPREIDING.

#### **WEBBLAD:**

- WE HAVE A NEW WEB PAGE ADMINISTRATOR – QUICK SOLVE.
- THE PAGE WAS UPGRADED AND IS NOW MORE USER-FRIENDLY.
- WE ENCOURAGE YOU TO SEND PHOTOS, AUCTION RESULTS AND OTHER INTERESTING INFORMATION TO LIEZEL GROBLER. THIS CAN HELP US KEEP THE WEB PAGE ACTIVE.
- TOTAL COST – R3 694.85

#### **JOERNAAL:**

- EK DINK DIE JOERNAAL HET MOOI GEKOM.
- EK DINK OOK DIE ADVERTENSIES VAN TELERS IS BETER AS IN DIE VERLEDE.
- DIT IS BAIE BELANGRIK DAT GOEIE DIERE EN GOEIE FOTOS GEPLAAS MOET WORD. A.G.V. DIE EKONOMIE EN DROOGTE WAS DIE RAAD NIE SEKER OF ONS 'N JOERNAAL MOET UITBRING NIE, MAAR HET BESLUIT DAT DIT WEL BELANGRIK IS EN WAS ADVERTENSIE KOSTES HEELWAT LAER AS IN DIE VERLEDE, OM DIT MEER BEKOSTIGBAAR TE MAAK.
- UIT DIE AARD VAN DIE SAAK KON ONS MET DIE INKOMSTE NET 1000 JOERNALE DRUK, DAAROM HET ELKE TELER MET 'N VOLBLAD ADVERTENSIE NET 20 JOERNALE GEKRY EN NIE 40 SOOS IN VERLEDE.

- VOLGENDE JAAR SAL ADVERTENSIE-KOSTES WEER 'N BIETJIE HOËR MOET WEES. DIE JOERNAAL HET R13 400 WINS GEMAAK.
- BAIE DANKIE AAN ELKEEN WAT REEDS BETAAL HET.
- EK DOEN 'N BEROEP OP ONS TELERS OM HUL STOET HIER TE BEMARK. HOE MEER ADVERTENSIES, HOE MEER KAN ONS DRUK VIR VERSPREIDING, HOE GROTER ONS BLOOTSTELLING.

#### **KLERE:**

- ONS KLEREREKES IS 'N BIETJIE UITGEBREI MET NUWE HEMDE EN BAADJIES.
- SIGBAARHEID IS BAIE BELANGRIK- KOOP ASB IETS AS U NOG NIE HET NIE. OM KLERE TE LAAT MAAK IS GEWELDIG DUUR. DIT IS ONMOONTLIK VIR DIE GENOOTSKAP OM 'N WYE REEKS MET ALLE GROOTTES AAN TE HOU.
- ONS MAAK DUS NET 'N PAAR EN WERK DAN OP BESTELLING. DIT WAT U DAN KOOP, WORD BESTEL EN GEPOS.
- DIE PAAR ITEMS WAT ONS LAAT MAAK HET, HET R27 527.95 GEKOS.
- VIR DIE JAAR HET ONS R17 625 SE KLERE VERKOOP.

#### **FACEBOOK:**

- LIEZEL GROBLER IS HELPING WITH FACEBOOK.
- WE ENCOURAGE YOU TO SEND PHOTOS, AUCTION RESULTS AND OTHER INTERESTING INFORMATION TO LIEZEL. THESE CAN HELP US KEEP FACEBOOK ACTIVE.

#### **RASADVISEUR:**

- ONS GROOTSTE ENKELE UITGAWE WAT ONDER BEMARKING RESORTEER IS OOM CHARL
- ONS AS RAAD IS OORTUIG DAARVAN DAT HIERDIE GELD GOED SPANDEER WORD EN OOM CHARL IS OP 'N GEREELDE BASIS IN KONTAK MET DIE VOORSITTER EN GEE OP ELKE RAADSVERGADERING TERUGVOER OOR SY VORDERING.
- DIT SAL IN SY VERSLAG WEERSPIEËL WORD. SOOS U WEET IS SY MAANDELIKSE SALARIS R20 000 EN IS DAAR OOR 12 MAANDE R121 834.42 AAN REIS EN VERBLYF SPANDEER, (R10 152.86/MAAND) WAT BAIE NA AAN SY BEGROTING VAN R10 000/ MAAND IS.

- ONS TELERS IS OOR DIE HELE LAND VERSPREI, WAT BAIE GOEIE BEPLANNING VAN OOM CHARL VERG OM BINNE SY REIS EN VERBLYF BEGROTING TE BLY.
- VERSKAF ASB SLAAPPLEK AAN HOM, INDIEN HY U BESOEK.
- DIT KAN UITGAWES BEPERK EN SODOENDE KAN MEER KILOMETERS GERY EN MEER TELERS BESOEK WORD.
- OOM CHARL IS OOK BEHULPSAAM MET DIE REËL VAN SPREKERS BY BOEREDAE EN TREE OOK SELF AS SPREKER OP.
- MAAK ASB VAN OOM CHARL SE KENNIS EN ONDERVINDING GEBRUIK OM U KUDDE TE VERBETER.

**LIZETTE VERMAAK:**

- IN THE PAST, LIZETTE HELPED US WITH FACEBOOK, WEBPAGE AND THE JOURNAL AND THIS COST R2000/MONTH
- TO REDUCE EXPENDITURES, WE CANCELLED HER CONTRACT.
- SEE ABOVE HOW WE MANAGE FACEBOOK, WEBPAGE AND THE JOURNAL NOW

**SKOUE:**

**NAMPO:**

- NAMPO WAS 'N BAIE GROOT SUKSES.
- DIE MEESTE VLEISBEESRASSE IN SA WORD DAAR UITGESTAL EN ONS AS RAAD VOEL DAT DIT UITERS NOODSAAKLIK IS OM ONS TULI BEESTE OOK DAAR TEN TOON TE STEL.
- DIT WAS BAIE LEKKER OM POSITIEWE TERUGVOER VAN TALLE KOMMERSIËLE BOERE TE HOOR; HOE HUL TULI KOEIE ANDER RASSE TYDENS DIE DROOGTE UITPRESTEER HET.
- DIT IS OOK LEKKER OM TE HOOR HOE GOED DIE TULI MET ANDER RASSE KRUIS- HIERDIE INLIGTING MOET GEBRUIK WORD OM ONS RAS TE BEMARK.
- DAAR WAS MOONTLIK NIE SO BAIE VOETE SOOS IN DIE VERLEDE NIE MAAR EK DINK ELKEEN WAT DAAR GEWERK HET SAL SAAMSTEM DAT DAAR BAIE GOEIE BELANGSTELLING WAS. 'N SAKEMAN WAT BY UNIONDALE BOER, HET ONS BESOEK EN SEDERTDIEN 'N STOET GEREGISTREER.
- OOM CHARL IS BESIG OM MET DIE ORGANISEERDER VAN NAMPO TE ONDERHANDEL OM 'N VLEISBEES-BORD BY DIE SUIWEL KOMPLEKS SE INGANG AAN TE BRING AANGESIEN



SOMMIGE PERSONE AANGEDUI HET DAT HULLE GESUKKEL HET OM DIE TULI STALLETJIE TE KRY

- BAIE DANKIE AAN ALWYN EN OOM HARM MARX WAT GOED VOORBEREIDE DIERE VAN GOEIE KWALITEIT TEN TOON GESTEL HET.
- DANKIE AAN WERNER WAT TOERUSTING NA NAMPO GENEEM EN DIE STALLETJIE GEDEELTELIK OPGESLAAN HET. DANKIE OOK AAN MY HELPERS TYDENS DIE WEEK: RUSSELL EN ED CLARK, OOM BEN ROUSSOUW, ALWYN, OOM HARM MARX EN OOK OOM CHARL VAN ROOYEN WAT DIE HEEL WEEK DIENS GEDOEN HET EN CALLIE BARNARD WAT VRYDAG GEWERK EN DIE MEUBELS WEER VERWYDER HET.
- NAMPO UITGAWES R54 014.93

**MEGA WEEK:**

- THE ANIMALS OF CHRIS HOBSON AND JAN CROUS (MISGUND) WERE ON SHOW.
- ANIMALS WERE IN A GOOD CONDITION AND DID THE BREED JUSTICE.
- ACCORDING TO MR. CHARL VAN ROOYEN THE BREED GOT A LOT OF EXPOSURE AT THIS SHOW AND THERE WAS MUCH INTEREST.
- UITGAWE R8 744.50

**ROYAL SKOU:**

- DIT WAS 'N EERSTE VIR DIE GENOOTSKAP EN HET BAIE GOED GEGAAN.
- BAIE BOERE HET DIE STALLETJIE BESOEK EN WAS BAIE GEÏNTERESSEERD EN BEÏNDRUK MET DIE RAS.
- PAUL SMIT HET DIERE UITGESTAL EN HULLE WAS OOK BAIE GOEIE KWALITEIT EN GOED AFGEROND
- DANKIE AAN PAUL, OOM CHARL VAN ROOYEN EN OOM BEN ROSSOUW WAT ONS VERTEENWOORDIG HET.
- UITGAWES, R5 170

**FARMER'S DAYS:**

- THESE FORM A CRUCIAL PART OF MARKETING IN THE VARIOUS PROVINCES.
- FOR THIS REASON THE SOCIETY WILL HELP AS FAR AS

POSSIBLE.

- ORGANISING FARMER'S DAYS FALL WITHIN THE AMBIT OF MR. CHARL VAN ROOYEN'S RESPONSIBILITIES AND HE WILL HELP AS FAR IS POSSIBLE.

ELKE TELER HET 'N VERANTWOORDELIKHEID OM NIE NET SY EIE STOET NIE , MAAR OOK ONS RAS TE BEMARK- DIT IS NIE NET DIE RAAD SE VERANTWOORDELIKHEID NIE!

SAAM KAN ONS GROEI!!

EK DANK U.

Mnr Barnard voel dat na die klere voorraad gekyk moet word – moet die klere as inkomste gesien word of is dit 'n bemarkings geleentheid wat teen kosprys verkoop behoort te word.

Mnr van Wyk noem dat Pro Agri 'n Vee afdeling het en die 1/16de blad deur die Genootskap benut kan word deur veilingsdatums ens daar te sit. Kontak vir Tiny by Pro Agri vir meer inligting.

Mnr Mainsheard noem dat gratis artikels in Landbouweekblad en Farmers Weekly geplaas kan word. Mnr Barnard meld dat mnr van Rooyen reeds daarna kyk. Mnr Mainsheard is tevrede. Mnr Raath versoek dat telers inligting moet deurgee aan die Raad indien hulle voorstelle het oor moontlike artikels.

**6.1.5 Verslag deur Rasadviseurende komitee / Report by Breed advisory committee - Russell Clark**

At the November 2015 Council meeting a discussion was held with regard to the Tuli statistics. Problem areas were identified and Mr Charl van Rooyen undertook to communicate with the owners of the herds where problems were identified. A big concern was the number of breeders who average days last calving was over 600 days which means either that birth notifications have not been submitted or a combination of unsubmitted birth notifications and cows not cancelled yet they are no longer active in the herds, or they are active yet have not calved for a long time. At the March 2016 meeting the council focussed on the reproduction statistics of the Tuli herds. A decision was taken to have a symposium before the AGM to address our problems and look at ways of solving the problem which is a long term project. At present the average ICP for the Tuli breed is 407 days as compared to 408 days in 2015. Of concern however is the fact that average ICP for the last two calves of cows in the breed is 417 days which effectively means that unless breeders cull some cows with the highest ICP's in their herds the average ICP figure is not going to improve.

There are enough Tuli cows with very good ICP's 360 – 375 days which points to the fact that unadequate selection pressure is being placed on reproduction within the breed and failure by breeders to cull their worst performers. Poor management in some herds would also contribute to the problem.

- Mnr Raath vra hoe toegewings gemaak gaan word mbt die droogte. Mnr Herman Labuschagne verduidelik dat die Raad self sal moet besluit of diere wie se kalwings die perke oorskry gekanselleer moet word of die maksimum dae interkalfperiode verleng moet word.

**6.1.6 Verslag deur Grondwet komitee / Report by Constitution committee - Callie Barnard**  
Geen

**6.1.7 Verslag deur Stamboek komitee / Report by Studbook committee – Russell Clark**

The dispute between the ARC and SA Studbook is still not yet resolved. While all efforts are being made to come to an agreement this has not yet been achieved. The dispute has certainly resulted in putting financial pressure on our organisation however increases in fees charged to breeders have been kept to a bare minimum. Otherwise service to breeders has in my view been of a high standard and problems they exist are dealt with promptly.

The Manager of the Secretariat, Mr Chris Els went on retirement during the course of last year and was replaced by Mr JC van den Berg. We look forward to a long working relationship with Mr van den Berg and trust that he will be happy in our midst.

The Secretariat is in my view the most economical option for the Tuli Society to get Secretarial services and I would like to take the opportunity of thank Liezel Grobler for her very efficient and friendly service to our breeders over the past year.

Dr van Rooyen deel die vergadering mee dat Stamboek binnekort die “New Logix” gaan bekendstel. Hy noem ook dat inspeksies binnekort elektronies ingedien sal kan word. Volgens hom gaan SA Beef Bulls binnekort beskikbaar wees vir Genootskappe wat die opsie oopstel vir hul lede. Mnr Barnard toets die vergadering se gevoel hieroor en dit blyk dat almal tevrede is dat dit oopgestel word.

Mnr Wassefall noem dat hy die nuwe President van SA Stamboek is. Hy sê dat indien enige probleme ondervind word dit onder die Stamboek Raad se aandag gebring moet word. Hy deel die vergadering mee dat hulle SA Stamboek se

finansies baie goed lyk, ten spyte van die hofsaak.

#### **6.1.8 Inspeksie verslag /*Inspection report* – Albie Rautenbach**

Mnr Rautenbach sê hy is nie bewus van enige klagtes oor inspeksies nie. Hy versoek dat wanneer inspekteurs kom krale reg moet wees, diere reg gebrand moet wees en gewigte ens beskikbaar moet wees. Maak seker dat die lyste van diere wat gekeur moet word reg is. Daar is 1750 diere gekeur waarvan Stefan van Wyk ongeveer 1300 gekeur het. Mnr Rautenbach noem dat die meeste lede elke jaar dieselfde keurder gebruik. Hy stel voor dat lede elke 4de/5de jaar 'n ander keurder moet gebruik en sodoende die junior keurders ook 'n geleentheid kry om keuring te doen.

Mnr Rautenbach deel die vergadering mee dat die keurdersindaba wat vir 2016 beplan was nie plaasgevind nie agv te min belangstelling. Hy noem dat 'n kursus voorlopig vir Maart elke jaar beplan word en doen 'n beroep op keurders om so 'n dag te ondersteun.

Mev Welz is van die opinie dat die benaming dalk verkeerd is aangesien nie alle lede keurders wil word nie en dat die benaming “Keurdersdag” dalk eerder “Lede-inligtingsdag” moet wees.

'n Keurder moet ten minste elke 2de jaar die dag bywoon anders mag hy nie keurings doen tot hy weer so 'n dag bywoon nie.

Mnr van Wyk noem dat keurdersdae baie belangrik is. Keurders moet betrokke wees by sulke dae omrede foute ens bespreek word, keurders hulself kan opskep ens.

#### **6.1.9 Buitelandse verteenwoordigers**

##### **6.1.9.1 Namibië – Bossie Coetzer**

Mnr Coetzer noem dat dit baie droog is in Namibië. Volgens hom moes baie boere hul diere laat slag en die mark is baie af. Bul verkope is baie laag.

Mnr Coetzer noem dat van die Namibiese telers versoek het dat lede wat veulings hou bul kalwers van speen tot verkoop op hul webblaai moet plaas sodat gesien kan word hoe die diere groei en ontwikkel.

##### **6.1.9.2 Zambië – Chris Rogers**

Mr Rogers mentioned that imported Tulis take up to 3 years to adapt and to get back into performance. According to him there are 7 stud breeders in Zambia. High rainfalls in Zambia were experienced in a short period of time. He expressed the hope that animals, bought on the Welz auction, would be ready to leave for Zambia in another two weeks and said that the new owners were very excited.

#### 6.1.9.3 Tegniëse Adviseur – Charl van Rooyen

Mnr van Rooyen maak gebruik van elektroniese skyfies om terugvoering te gee van wat hy die laaste jaar gedoen het. Hy noem dat hy by Nampo, Royal Skou en Agri Mega week was. Volgens hom is heelwat navrae by Nampo ontvang.

Volgens Mnr van Rooyen is 3 boeredae gehou maar baie meer behoort gehou te word.

Mnr van Rooyen is van mening dat die uitvoer van Tulis na Zambië nuuswaardig is en dat die inliging vir die Media gestuur behoort te word vir publisiteit.

Mnr van Rooyen noem dat hy Botswana besoek het en toekoms planne het om meer betrokke te raak daar.

Hy maan telers om hul kalf-geboortes in te stuur asook geboorte-, speen- en naspeen gewigte.

Mnr van Rooyen noem dat 'n Sernick voerkraal proef binnekort gaan begin en resultate aangaande die Tuli se groeivermoë o.a. daaruit verkry gaan word.

Mnr van Rooyen bespreek kortliks die horing kwessie. Ter afsluiting doen hy 'n beroep op telers om naamborde, met die Tuli logo daarop, te maak vir hul plase.

#### 6.1.9.4 Sekretariaat – JC van den Berg

Mnr van den Berg noem dat dit baie goed gaan by Sekretariaat. Hy deel mee dat 25 Genootskappe gedien word. Hy noem dat die begroting 2016/2017 verhoog het met 8%.

#### 6.2 *Veilingsdatums / Sale Dates*

##### **2016:**

Glen Heath	22 September 2016
Eira	5 Oktober 2016
Go West	13 Oktober 2016
Noordelike Tuli Klub	sal bevestig word

##### **2017:**

<i>Tip Tree Tulis</i>	<i>6 April 2017</i>
<i>Rits Tuli's</i>	<i>Onbekend</i>
Alpha en Omega	<i>Onbekend</i>
Gouwsberg Tuli's	<i>Onbekend</i>
Langlyf en Nonnie	<i>Onbekend</i>
KRM en HBH	<i>Onbekend</i>
Noordelike Tuli klub	<i>Onbekend</i>
Glen Heath	<i>Onbekend</i>

Eira  
Go West

Onbekend  
Onbekend

## 7. BYVOEGINGS / ADDITIONS

### 7.1 Besluit 1/ Resolution1 – Regulasie/Bye-law amendment

B-Bul gepaar met 'n B-koei . Die vraag is hoe word so 'n paring se nageslag in die stamboek/register opgeneem. Die situasie is dat 'n B dier reeds ongeveer 87.5% genotopies is. B x B is dus 87.5% plus 87.5% gedeel deur twee (2) =87.5% wat steeds B is. So paring se nageslag behoort steeds 'n B te wees. Die grondwet is tans nie duidelik nie.

*B bull mated to a B female. The question is how to register the progeny of such a mating. A B-animal is already 87.5% and 87.5% plus 87.5% divided by two (2) is still 87.5% Tuli and the progeny should remain a B. The constitution is at present not clear on this.*

SP x A= B

B x B = B

B x SP=SP

B x A = A

B x BASIS/BASE = BASIS/BASE

SP x BASE= A

Na 'n lang bespreking is die finale besluit dat by die verordeninge die volgende bygevoeg word:

BxB paring = B kalf (manlike en vroulik) – hulle word eers goedgekeur na inspeksie/keuring.

### 7.2 BESLUIT 2/ Resolution 2

Rente sal gehêf word op alle lede- en per kapitagelde uitstaande na 30 dae vanaf fakturering. Rente sal gehêf word teen die bank prima-koers (soos vasgestel van tyd tot tyd) plus vyf persent (5%)

*Interest to be charged on all members- and per capita fees outstanding and not paid within 30 days after invoicing. Interest will be charged at a rate of bank prime (as amended from time to time) plus five percent (5%)*

Algemeen aanvaar.

### 7.3 Besluit 3 / Resolution 3

Op die AJV van 2014 was 'n voorstel aanvaar dat elke teler R1000.00 bydra tot die joernaal. As die teler dan adverteer sal 'n korting van R1000.00 tot daardie teler se \*\*\*advertensiekoste toegestaan word. Versoek is dat besluit as 'n permanente reëling ingestel word om toekomstige joernaalkoste te kan help dek.

*At the 2014 AGM a motion was proposed and accepted that every breeder contributes a R1000.00 towards the journal. Should a breeder then advertises in the journal a discount of R1000.00 will be allowed towards the cost of the advert.*

Algemeen aanvaar dat dit elke jaar toegepas word.

#### **7.4 Besluit 4/ Resolution 4 - Horings / Horns**

Die rede vir die bespreking is dat die poenskopgeen bevorder moet word. / Purpose of this discussion is to promote the poll-gene.

Alle diere wat aangebied word vir keuring na die 2016 AJV wat horings het sal afgradeer word na B diere, en slegs poenskop manlike en vroulik diere wat aangebied en goedgekeur word tydens keuring sal as SP diere geregistreer word. Sou die inspekteur nie oortuig wees van 'n dier se poenskop status nie sal 'n DNA toets aangevra kan word om dit te verifieer. Die dier sal dan as PEN aangeteken word totdat die horning status by die Tuli Genootskap bekend is. Die koste van die DNA toets sal vir die rekening van die teler / eienaar van die dier tydens inspeksie wees.

*All animal presented for selection after the 2016 AGM with horns will be downgraded as section B animals, and only polled animals will be accepted as SP animals. Should the inspector not be convinced that a particular animal is poll then a DNA test can be requested to verify this. The animal will become PEN pending until the results of the DNA test have been disclosed to the Tuli Society. The cost of the DNA test will be for the account of the breeder / owner at the time the inspection takes place.*

Na 'n lang bespreking word bogenoemde besluit nie goedgekeur nie. Die teler het dus self die keuse of hy met horing diere wil teel al dan nie.  
*After a long debate the proposal was rejected. As in the past every breeder will have to decide whether he wants to breed with horned animals*

Die leuse moet verander word en hierdie punt word verwys na die volgende Raadsvergadering.

#### **7.5 Besluit 5 / Resolution 5 : Voorsetting van deelname aan Nampo / To participate at Nampo or not**

Is NAMPO die regte platform vir die Tuli ras om homself te bemark. Die hoë koste van deelname aan NAMPO en die gepaardgaande probleme geassosieer met Nampo regverdig nie die opbrengs of suksesse behaal op Nampo nie. Hoeveel telers is al gewerf op Nampo. Saaiboere gaan nie na 'n beesskou om 'n trekker te koop nie en so gaan beesboere ook nie na 'n trekkerskou om 'n beesras te kies om mee te boer nie. Daar is sekerlik beter platforms waarop die Tuli kan adverteer en bemark wat meer bekostigbaar is en meer suksesvol sal wees. Geld vir bemaking is 'n konstante probleem, wil ons dan nie eerder ons geld spandeer waar ons telers sal bykry wat kan bydra tot die bemaking van die ras nie.

*Is NAMPO the right platform for the Tuli breed to promote itself. The high cost of Nampo as well as the problems associated with participation at Nampo do not justify the results or income derived from Nampo. How many breeders have joined because of Nampo? Are there no better places to spend our money? How many crop farmers go to a*

*cattle show to buy a tractor, and how many stud farmers go to a tractor show to look for a cattle breed to farm with?*

*As money for marketing is a constant problem should we not be looking at places where we would get higher returns on money spent, and where we will get more breeders who can contribute to the marketing of the breed.*

Bogenoemde voorstel word nie goedgekeur nie. Die lede teenwoordig voel sterk dat daar steeds tydens Nampo 'n uitstalling moet wees.

### **Versoek / Request**

Telers word versoek om besluite te evalueer en daarvoor of daarteen te stem.

Breeders are requested to evaluate resolutions and to adopt or reject same.

#### 7.6 Goedkeuring van veilingsreëls/Approval of auction rules

Goedgekeur/Approved.

#### 7.7 Keurderskursus datum vasgestel jaarliks in Maart / Inspectors course scheduled for March every year

Aanvaar – die presiese datum sal later bekend gemaak word.

#### 7.8 Deklyste verpligtend / Mating list compulsory

Mnr Clark noem dat die instuur van deklyste aanbeveel moet word maar tans geensins verpligtend kan wees nie Almal is tevrede.

#### 7.9 Veelvuldige parings/ Multiple sires

Mnr van Rijswijk noem dat kalwers wat opgegee word as veelvuldige parings as '*pending*' op die stelsel bly. Hy stel voor dat indien ouerskap nie bevestig word nie, die vroulike diere as basis diere opgeneem word totdat ouerskap bevestig kan word.

Mnr Labuschagne bevestig dat daar ander Genootskappe is wat dit reeds so doen. Hy noem dat die manlike nageslag "Nie vir Registrasie is".

Mev Welz stel voor dat 'n ouderdomsperk vasgestel moet word – bv, 3jaar – waarna geen diere op die pending lys mag verskyn nie. Almal is tevrede.

#### 7.10 KI Bulle – Steven Mainsheard

Mnr Mainsheard noem dat hy vandat hy begin het om met Tulis te teel na semen gesoek het. Hy noem dat daar nie genoegsame KI Bulle in die mark is nie en die Raad moet toesien dat bulle genomineer word. Hierdie punt word verwys na die volgende Raadsvergadering waarna terugvoering aan mnr Mainsheard gegee sal word. Mnr Albie Rautenbach noem dat 'n protokol reeds in plek is.

#### 7.11 Voorsetting van die Tegnieuse adviseur se kontrak / Continuation of the Technical advisor's contract

Na 'n bespreking is die algemene gevoel dat mnr van Rooyen se kontrak vir nog 'n jaar



hernu word.

**8. VERKIESING VAN RAADSLEDE / ELECTION OF COUNCIL MEMBERS**

Die Raad vir 2016/2017:

Callie Barnard - President

Ben Raath – Vise-President

Ben Rossouw

Johan van Rijswijk

Albie Rautenbach

Christo Rothman

Russell Clark

**9. BENOEMING VAN SA STAMBOEK VERTEENWOORDIGER /  
APPOINTMENT OF SA STUDBOOK REPRESENTATIVE**

Mnr Clark word herverkies as SA Stamboek verteenwoordiger.

**10. Datum van volgende vergadering / Date of next meeting**

Die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering sal deur die Raad aan die lede bekend gemaak word.

*The date of the next Annual General Meeting will be announced by the Council.*

**11. Afsluiting / Closure**

Mnr Barnard bedank almal vir hulle insette en sluit die vergadering af met gebed.

Die vergadering verdaag om 14:30

*Mr Barnard thanked members for their attendance and participation in discussions*

*a*

*n*

*d*

*c*

*l*

*o*

*s*

*e*

*d*

*t*

*h*

*e*

*m*

*e*

*e*

*t*

*i*

*n*

*g*

*w*

*i*